Ná skool het Mandela by Fort Hare met sy studies begin. Toe is hy na die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) in Johannesburg om in die regte te studeer. Hy het 'n lid van die African National Congress (ANC) geword en by die stryd teen apartheid aangesluit. Aan die begin het hy aktiviste aangemoedig om Mahatma Gandhi se voorbeeld van lydelike verset (sonder geweld) na te volg. As 'n prokureur het hy mense probeer help wat gevange geneem is omdat hulle apartheidswette oortree het. Swartmense moes byvoorbeeld gedurende apartheid pasboeke by hulle dra, wat gewys het waar hulle kon woon en werk. As iemand betrap is sonder 'n pasboek, kon die polisie so 'n persoon arresteer.


Mandela by 'n ANC-vergadering in 1952.

Mandela het kort voor lank 'n politieke leier geword en sy Xhosa naam, Rolihlahla, wat "moeilikheidmaker" beteken, gestand gedoen. Hy het betogings teen die apartheidsregering georganiseer en is talle kere in hegtenis geneem. In 1964 het die owerhede hom na die tronk op Robbeneiland gestuur. Omdat die regering die ANC verban het, het dit hulle die mag gegee om Mandela, en ander ANC-lede soos Govan Mbeki en Walter Sisulu, te arresteer. Die politieke gevangenes moes hard werk in die kwarrie op Robbeneiland waar hulle kalkklip uitgekap het. Die owerhede het vir Mandela slegs een besoeker en een brief elke ses maande toegelaat.


Mandela het in die tronk voortgegaan met sy regstudies en die stryd vir menseregte.